higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

(3030504)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

032Q1B2208

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Professionele persoon wat verantwoordelik is vir die kunstenaar se loopbaan.

A Regisseur
B Hoof uitvoerende beampte
C Persoonlike bestuurder
D Agent

1.2 'n Maatskappy wat verantwoordelik is vir die bemarking en promosie van 'n kunstenaar se plate.

A Funksie maatskappy ('event promotion company')
B Radio-uitsaaier
C Platemaatskappy
D Kunstenaarbestuursmaatskappy

1.3 Die afdeling van 'n groot platemaatskappy wat kunstenaars en liedjies pas.

A Produksiebestuur
B Verkope
C K&R ('A&R')
D Bemarking

1.4 Die afdeling van 'n groot platemaatskappy wat verantwoordelik is vir die werwing van nuwe kunstenaars.

A Produksiebestuur
B Verkope
C K&R
D Bemarking

1.5 'n Platemaatskappy met internasionale trefwydte.

A Onafhanklike platemaatskappy
B Grootverspreider onafhanklike platemaatskappy
C Groot platemaatskappy
D Produksiemaatskappy

Kopiereg voorbehou

1.6 'n Professionele persoon wat verantwoordelik is vir die kunstenaar se direkte ('live') optredes.

A Agent
B Persoonlike bestuurder
C Prokureur
D Sakebestuurder

1.7 'n Professionele persoon wat die kunstenaar se finansies bestuur.

A Sakebestuurder
B Finansiële bestuurder
C Rekenmeester
D Persoonlike bestuurder

1.8 'n Tipe ooreenkoms wat 'n *farm team* genoem word.

A Demo-ooreenkoms
B Ontwikkelingsooreenkoms
C Opname-ooreenkoms
D Bestuursooreenkoms

1.9 Voorafbetalings wat kunstenaars van platemaatskappye ontvang.

A Voorskot
B Fooi
C Wins
D Salaris

1.10 Die party wat gewoonlik 'n meerderheidpersentasie van die plateverkope ontvang.

A Platemaatskappy
B Kunstenaar
C Regisseur
D Kunstenaar se bestuurder

1.11 Die party wat gewoonlik die kleinste persentasie uit die tantième van plate ontvang.

A Platemaatskappy
B Kunstenaar
C Regisseur
D Kunstenaar se bestuurder

1.12 Die persoon wat daarvoor verantwoordelik is om die kreatiewe produk in 'n tasbare vorm te lewer.

A Komponis
B Klankingenieur
C Regisseur (*'producer'*)
D Kunstenaar

Kopiereg voorbehou

1.13 Hierdie partye het die bepalings van 'n ooreenkoms wat op die albumsiklus gebaseer is.

A Kunstenaar en regisseur
B Kunstenaat en platemaatskappy
C Kunstenaar en die kunstenaar se bestuurder
D Kunstenaar en die promotor

1.14 Die enigste party wat daarvoor aanspreeklik is om voorskotte en opnamekoste goed te maak.

A Regisseur ('producer')
B Platemaatskappy
C Kunstenaar
D Kunstenaar se bestuurder

1.15 'n Finale opname waarvan kopieë gemaak word.

A Promosie-opname
B Demo-opname
C Meestersnit
D Onverwerkte opname

1.16 Hierdie klousule verhoed die kunstenaar om 'n liedjie binne 'n spesifieke tydperk op te neem.

A Kopieregbeperkings
B Wetlike beperkings
C Opnamebeperkings
D Heropnamebeperkings

1.17 Fisiese kopieë van plate wat teen afslagpryse aan die publiek verkoop word.

A Ou kopieë
B Afslagkopieë
C Promosiekopieë
D Gratis kopieë

1.18 'n Elektroniese metode om toegang tot digitale musiek te verkry.

A Sindikasie
B Gelyksending ('simulcasting')
C Aflaai
D Stroming

1.19 Die primêre rol van 'n musiekkunstenaar.

A Vermenging
B Liedjieskrywery
C Produksie
D Optrede

Kopiereg voorbehou

1.20 'n Professionele persoon wat verantwoordelik is die 'n kunstenaar se regsake.

A Sakebestuurder
B Persoonlike bestuurder
C Agent
D Prokureur

1.21 'n Betalingsmetode wat kunstenaars gebruik om agente te betaal.

A Tantième
B Fooie
C Waarde-opstelling ('value billing')
D Lone

1.22 Tipe inkomste wat uit die verkope van plate gegenereer is.

A Tantième
B Wins
C Fooie
D Lone

1.23 Tipes kopieë wat aan radiostasies gegee word wat nie bedoel is om verkoop te word nie.

A Radiokopieë
B Bemarkingskopieë
C Promosiekopieë
D Gratis kopieë

1.24 Tantième wat betaalbaar is maar deur die platemaatskappy teruggehou word.

A Vervaardiger se tantième
B Komponis se tantième
C Klankmenger se tantième
D Kunstenaar se reserwes

1.25 'n Digitale toestel wat slegs vir die verkryging van plate gebruik word.

A Aflaaidienste
B Stromingsdienste
C Podsendingsdienste
D Sluitdienste

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.25) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 Podsending is 'n elektroniese metode om digitale musiek te versprei.

2.2 'n Album met grootste treffers bevat treffers uit vorige albums.

2.3 'n Klousule oor ouditregte laat die verifiëring van die platemaatskappy se rekords toe.

2.4 'n Drukreg is die reg om die kunstenaar se naam op T-hemde te druk.

2.5 Rakgroothandelaars ('rack jobbers') is nog 'n metode om digitale musiek te versprei.

2.6 Tegnies aanvaarbaar ('technically satisfactory') is 'n kriterium vir die lewering van 'n plaat.

2.7 'n Produksieklousule bied aan die kunstenaar kunssinnige vryheid.

2.8 'n Eksklusiwiteitsklousule voorkom dat kunstenaars vir ander maatskappye opnames te maak.

2.9 'n Gewaarborgde produksieklousule verseker die vrystelling van 'n album.

2.10 Kommissie is 'n voorafbetaling van tantième.

2.11 Eskalasie is 'n stelsel van die verhoging van die kunstenaar se tantième op vorige verkope.

2.12 Goedmaking is 'n stelsel om kostes van een album van 'n ander te verhaal.

2.13 Die agent is daarvoor verantwoordelik om die kunstenaar se optredes te bespreek.

2.14 Bemarking is die maatskappy se afdeling wat talent en ontwikkeling hanteer.

2.15 'n Onafhanklike platemaatskappy word deur die eienaars gefinansier.

2.16 Waardeopstelling ('value billing') is een van die metodes om prokureurs se fooie te betaal.

2.17 'n Persoonlike bestuurder is vir 'n kunstenaar se regsake verantwoordelik.

2.18 Publikasie is die platemaatskappy se belangrikste funksie vir die kunstenaar.

2.19 'n Fooi is 'n manier om die kunstenaar se bestuurder te betaal.

2.20 Sydelingse sekuriteit ('cross-collateralisation') is die proses waardeur kostes en voorskotte verhaal word.

2.21 'n Sakebestuurder is verantwoordelik vir 'n kunstenaar se finansies.

2.22 'n Publisiteitskontrak is 'n ooreenkoms tussen die kunstenaar en die platemaatskappy.

2.23 Kunstenaars word verplig om hul eie musiek te skryf.

2.24 Kunstenaars se tantième word op 'n maandelikse grondslag betaal.

2.25 Digitale plate word elektroniese verkoop.

(25 × 2) **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Klankopname van musiek	A	opnamekoste
3.2	'n Buffer tussen die kunstenaar en die buitewêreld	B	sleutelpersoon
3.3	'n Persentasiegebaseerde betalingsmetode aan die persoonlike bestuurder	C	bemarking
3.4	Gelde wat deur platemaatskappye vanaf kunstenaars se tantième goedgemaak word	D	afloopklousule
3.5	Geld wat aan 'n kunstenaar gegee word om vir verliese wat tydens 'n toer gelei is, op te maak	E	plaat
3.6	Tydperk wat vanaf die opname van 'n album tot aan die einde van die promosie-aktiwiteite verloop	F	botsing van belange
3.7	'n Klousule wat na die persoonlike bestuurder se verdienste ná die bestuurstermyn verwys	G	meester
3.8	'n Persoonlike bestuurder wat die kunstenaar namens die maatskappy verteenwoordig	H	persoonlike bestuurder
3.9	Die wetlike reg om iemand in hul afwesigheid te verteenwoordig	I	teruggeereg
3.10	Een prokureur wat twee teenoorstaande partye verteenwoordig	J	promosiekopieë
3.11	Die platemaatskappy se afdeling wat vir reklame en publisiteit van plate verantwoordelik is	K	kommissie
3.12	Die oorspronklike opname waarvandaan ander plate gemaak word	L	reserwes
3.13	Die reg om onverkoopte plate terug te verkoop	M	albumsiklus
3.14	Tantième wat aan die kunstenaar verskuldig is en deur die platemaatskappy weerhou word	N	volmag
3.15	Plate wat aan radiostasies gegee word wat nie te koop is nie	O	ondersteuning van 'n toer

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Die (sakebestuurder/persoonlike bestuurder) onderhandel opnamekontrakte vir 'n kunstenaar.

4.2 (Direkte ('live')/Ateljee) -albums word voor 'n gehoor opgeneem.

4.3 Die regisseur ('producer') se tantième word uit die (maatskappy/kunstenaar) se deel van die tantième betaal.

4.4 Die (kunstenaar/platemaatskappy) het 'n belang by beheerde komposisies ('controlled composition').

4.5 'n (Plaat/CD) is 'n manier waarop musiek vir verbruikers se gebruik gelewer word.

4.6 (Agente/Prokureurs) is betrokke by reklameflitse en toerborgskappe.

4.7 Groothandelaars verkoop plate aan die (publiek/winkels).

4.8 'n Regisseur ('producer') is alleen vir die (plate/musiek) verantwoordelik.

4.9 Kunstenaars word deur platemaatskappy (in diens geneem/gekontrakteer).

4.10 (Digitale/fisiese) plate word slegs elektronies verkoop.

4.11 (Webbeeldsending/Podsending) is 'n diens waar mense plate kan stroom ('stream').

4.12 Gratis goedere wat nie (tantième/kostes) behels nie.

4.13 (Verkoops/Bemarkings) -personeel sorg dat plate in die winkels uitkom.

4.14 'n Beheerde komposisie beperk hoe (gereeld/hoeveel) die kunstenaar as liedjieskrywer betaal word.

4.15 (Maatskappye/Kunstenaars) vereis gewoonlik twee of drie nuwe liedjies vir 'n album van grootste treffers

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 5

5.1 Bespreek die besigheidsfilosofie wat 'n kunstenaar moet aanhang. (10)

5.2 Verduidelik die rol van aanhangers (groupies) in 'n kunstenaar se loopbaan. (10)

5.3 Onder watter omstandighede kan 'n platemaatskappy 'n kunstenaar vir 'n toer ondersteun? (10)

5.4 Verduidelik al die gelde wat aan 'n regisseur ('producer') vir die produksie van plate betaal word. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 100

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Bespreek *demo-ooreenkomste* teenoor *ontwikkelingsooreenkomste*. (20)

6.2 Verduidelik die verskillende inkomstestrome wat groot kunstenaar kan gebruik. (30)
[50]

VRAAG 7

Verduidelik die rol van platemaatskappye in 'n kunstenaar se loopbaan. **[50]**

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou